

## 5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 5.1 SAMEVATTING

#### 5.1.1 Inleiding

In hoofstuk een is die aktualiteit van die navorsing, die probleemstelling en motivering vir die navorsing, die metode van navorsing, die begripsomskrywing en die struktuur en navorsingsterrein bespreek. In hoofstuk twee is aandag geskenk aan die fundamentele aard van die probleem van ouersegenskap toegespits op die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Die ontwikkeling van ouersegenskap in opvoedende onderwys in Kaapland is in hoofstuk drie onder die loep geneem. Besondere aandag is ook gegee aan onderwysveranderinge in die huidige staatkundige bedeling en daar is gepoog om vas te stel in watter mate dit die seggenskap van die Christengelowige ouer beïnvloed het (vgl. hfst. 4).

Vervolgens word die doelstellings, wat verband hou met bogenoemde komponente en vroeër (sien par. 1.4) geformuleer is, geëvalueer.

#### 5.1.2 Opsomming en evaluering van die verwante doelstellings

##### \* Doelstelling 1

Daar sal gepoog word om aan te toon dat dit vir die Christengelowige ouer 'n roeping en verantwoordelikeid is om die gees en rigting van die opvoedende onderwys in die skool te bepaal.

In hoofstuk twee is aangetoon dat die ouer belang het by die opvoedende onderwys wat sy kind in die skool ontvang. Hierdie belang van die ouer lê gewortel in die fundamenteel-pedagogiese grondgegewe, naamlik dat die ouer primêr verantwoordelik is vir die opvoeding en onderwys van sy kind. Die ouer moet dienooreenkomstig verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Daarby staan die Christengelowige ouer

onder die gesag van die doopbelofte wat hy afgelê het met betrekking tot die opvoeding van sy kind (vgl. par. 2.2.3).

Die ouer moet dus weet wat in die skool met sy kind gebeur, watter norme en waardes aan sy kind voorgehou word en wat die gees en rigting is wat in die skool heers (sien par. 1.6.7). Die ouerinspraak in die opvoeding en onderwys van sy kind is vir die ouer 'n roeping en 'n verantwoordelijkheid. Die ouer moet middele en kanale tot sy beskikking hê om 'n positiewe bydrae tot die opvoedende onderwys van sy kind te kan maak.

Die ouer was reeds vanaf die koms van Jan van Riebeeck (1652) betrokke by en het direk of indirek beperkte seggenskap gehad in die opvoedende onderwys van sy kind. Die ouer het sedert volksplanting, gedurig gepoog om nog groter seggenskap in die opvoedende onderwys van sy kind te verkry. Sodoende kon die ouer ook die gees en rigting van die skool wat sy kind bywoon, bepaal. Vir die ouer wat 'n Skrifgefundeerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing huldig, is dit belangrik dat die onderrig-leerhandeling gerig moet wees om die kind as totaliteit te ontsluit. Dit moet bowenal gerig wees op God (vgl. par. 1.6.7). Dit is dus vir die Christengelowige ouer 'n roeping en 'n verantwoordelijkheid om saam met die onderwyser medebepalers te wees van die gees en rigting van die opvoedende onderwys in die skool.

\* Doelstelling 2:

Daar sal gepoog word om aan te toon dat knoopstrukture nodig is om die skool en die ouerhuis aan mekaar te bind.

Soos dit blyk uit die struktuur-analise wat van die ouerhuis en die skool gemaak is in hoofstuk twee, is die ouerhuis en die skool vennote in die opvoedende onderwyshandeling. Hulle het een gemeenskaplike doel - die opvoeding en onderwys van die kind. Samewerking tussen ouerhuis en skool kan tot voordeel van die opvoeding en

onderwys van die kind wees, mits die vennootskap tussen ouerhuis en skool op 'n gesonde basis berus (vgl. par. 2.4.3).

Knoopstrukture, byvoorbeeld skoolkomitees en beheerrade (tans bestuursrade), gee gestalte aan die vervlegting van die opvoedende onderwysbelange van die ouerhuis met die skool. Met dié knoopstrukture kan die nodige skakeling, kommunikasie en samewerking tussen ouerhuis en skool bewerkstellig word (vgl. par. 2.4.2).

In hoofstuk drie is aangetoon dat die lede van die skoolkomitee ('n knoopstruktuur) deur die ouers gekies word. Minstens die helfte van die lede op die datum van verkiesing moet ouers van leerlinge van sodanige skool wees (sien ook par. 3.7.6.2).

As gevolg van die feit dat die skoolkomitee onderwysers met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing aanbeveel vir aanstelling, word nie net die belange van die kind beskerm en bevoordeel nie, maar verkry die Christen-Afrikanerouer seggenskap in die bepaling van die gees en rigting van die skool (sien ook par. 3.9).

Knoopstrukture is dus nodig om die skool en die ouerhuis met mekaar te verbind.

\* Doelstelling 3:

Daar sal gepoog word om aan te toon dat die ouer in Kaapland reeds van die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap seggenskap gehad het oor die opvoedende onderwys van sy kind.

In hoofstuk drie is die ontwikkeling van plaaslike beheer en ouerseggenskap oor Blanke-onderwys in die Kaap die Goeie Hoop beskryf. Dit blyk dat die ouer op die volgende wyse seggenskap gehad het in die opvoedende onderwys van sy kind.

\* 1652 - 1795

Die ouer was indirek betrokke by onderwysbeheer toe die vader, as moontlike lid van die kerkraad, seggenskap gehad het in die aanstelling van onderwysers met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as die ouer (sien par. 3.3.4.2).

\* 1795 - 1806

Kerklike beheer oor die onderwys in dié tydperk is vervang met staatsbeheer en dit het meegebring dat ouerseggenskap in die onderwys grotendeels uitgeskakel is (vgl. par. 3.4.4).

\* 1806 - 1905

Die regering het in dié tydperk plaaslike deelname aan en beheer oor die onderwys beperk. Die skoolkomitees, waarvan ouers lede kon wees, het beperkte magte gehad (vgl. par. 3.5.4.5).

\* 1905 - 1985

Benewens die goedomlynde pligte en funksies van die skoolrade en skoolkomitees, is die skoolkomitees en skoolrade die amptelike mondstuk van die ouers van leerlinge. Ouers het egter deur die skoolkomitees en skoolrade beperkte magte en seggenskap in die opvoedende onderwys van hulle kinders (vgl. par. 3.8.4.3). Ouerseggenskap is deur die skoolkomitees beperk tot 'n bepaalde skool (sien par. 4.7.4).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat ouers reeds vanaf die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap die Goeie Hoop beperkte seggenskap gehad het in die opvoedende onderwys van hulle kinders.

\* Doelstelling 4:

Daar sal gepoog word om aan te toon dat groter overbetrokkenheid ook ouerseggenskap in opvoedende onderwys vereis.

In hoofstuk vier is aangetoon hoedat sommige van die beginsels wat in die Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na onderwys, (1981), (genoem die

RGN-ondersoek, (1981) voorgestel is, direk of indirek dui op 'n groter betrokkenheid van die ouer in die opvoedende onderwys van sy kind (sien par. 4.2.2). Die betrokkenheid van die ouer by sy kind se opvoeding en onderwys blyk uit:

- \* groter finansiële bydraes vir die opvoedende onderwys van die kind (sien par. 4.2.2.2);
- \* 'n verpligting op die skool om voorsiening te maak vir die religieuse en kulturele behoeftes van die kind. Dit impliseer dat die ouer seggenskap moet hê in die bepaling van die gees en rigting van 'n skool (vgl. par. 4.2.2.2); en
- \* die maak van 'n keuse vir 'n geskikte skool waar die kind sy opvoedende onderwys na behore kan ontvang (vgl. par. 4.2.2.4).

Al die beginsels soos in die RGN-ondersoek (1981) voorgestel en in par. 4.2.2 bespreek, is deur die Regering aanvaar en in die regering se Witskrif oor onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983, en later in die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake van 1984 opgeneem. In die publikasie is daar soos volg voorsiening gemaak vir ouerseggenskap in die onderwysbeheer:

- \* Op die tweede owerheidsvlak (streeks- en provinsialevlak) kry die ouer geleentheid om te dien in 'n statutêre tweedevlakraad wat verteenwoordigend is van die inwoners van 'n bepaalde streek of provinsie (vgl. par. 4.2.3.3).
- \* Op die derde owerheidsvlak (plaaslike vlak) kry die ouer deur middel van ouer-verteenwoordigende liggame (soos skoolkomitees, bestuursrade en beheerrade) seggenskap in onderwysbeheer (vgl. par. 4.4 en par. 4.2.3.4).

Indien die ouer dan nou betrokke wil wees by die opvoedende onderwys sal die nodige meganismes moet bestaan om:

- \* oueraktiwiteite te koördineer;
- \* besluite te formuleer en verder te voer;

\* die ouer landswyd te koördineer en te verteenwoordig;  
en

\* na die belange van die ouer om te sien.

Om na sy belange in die onderwys om te sien, moet die ouer seggenskap in die onderwysbeheer hê.

Die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys is gestig om 'n struktuur daar te stel wat die gemeenskaplike ideale en belange van sy lede kan verteenwoordig en daarvoor kan beding. Sodoende is die ouer nie net meer betrokke by onderwysbeheer nie, maar het die ouer selfs groter seggenskap in onderwysbeheer in die Republiek van Suid-Afrika gekry (vgl. par. 4.6).

Die gedagte is daar dat die Afrikaanse Ouervereniging (wat 'n landswye organisasie is) uit sy geledere ouers benoem vir die onderwysrade wat op die tweedevlak gaan funksioneer (Van Rensburg, 1985). Die Departement van Onderwys in Kaapland inisiëer egter tans 'n struktuur vir ouerverteenwoordiging om bepaalde funksies op provinsiale en streeksvlak uit te oefen (vgl. par. 4.7.2). Dit blyk dus dat ouerseggenskap in onderwysbeheer op tweedevlak vanuit owerheidsweë georganiseer gaan word, in plaas daarvan dat dit vanuit die oergemeenskappe self kom (vgl. par. 4.7).

Daar kan tot die slotsom gekom word dat groter overbetrokkenheid in die opvoedende onderwys én onderwysbeheer (ook op die plaaslike vlak) sterker op die voorgrond geplaas is.

#### 5.1.3 Primêre doelstelling

Dit was die doel met hierdie navorsing om ondersoek in te stel in watter mate die ouer, as primêre opvoeder van sy kind, seggenskap gehad het en steeds moet hê in 'n stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop (vgl. par. 1.3). Besondere aandag is geskenk aan die mate waarin die ouer die gees en rigting van die skool bepaal.

Hieruit kan afgelei word dat die primêre doelstelling, naamlik dat die ouer, as primêre opvoeder van sy kind, seggenskap en inspraak moet hê in 'n stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, bereikbaar is (vgl. par. 1.4.1).

## 5.2 ENKELE PROBLEEMVRAE EN GEVOLGTREKKINGS

In die navorsing is daar gepoog om so volledig moontlik te kyk na ouerseggenskap in onderwysvoorsiening in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop (vgl. par. 1.2). Daar is egter telkens vrae wat opduik.

- \* Hoekom gebruik die ouer nie sy statutêre seggenskap in die opvoeding en onderwys van sy kind nie? (As daar gekyk word hoe daar telkens met skoolkomiteeverkiesings moeite onderind word om 'n kworum, d.i. een tiende van die totale aantal kiesers, bymekaar te kry om 'n nuwe skoolkomitee te kies, is hierdie vraag geregverdig (Eloff, 1982 : 20)).
- \* Wil die ouer werklik seggenskap in die opvoedende onderwys van sy kind hê?
- \* Is die feit dat die ouer nie betrokke wil raak in die opvoedende onderwys van sy kind op skool nie, dalk die rede waarom die Afrikaanse Ouervereniging in Kaapland nie momentum kan kry nie?

Moontlike antwoorde op die probleemvrae kan soos volg opgesom word.

- \* Die ouers het dikwels nie die tyd om betrokke te raak in die opvoeding en onderwys van hul kinders nie.
- \* Baie ouers stel nie meer belang in die opvoedende onderwys van hulle kinders nie.
- \* Daar is ook ouers wat nie betrokke wil raak by die opvoedende onderwys van hulle kinders nie.
- \* Ouers is oor die algemeen tevrede met die onderwys wat hulle kinders in skole ontvang omdat die meerderheid

Afrikaneronderwysers die Christelike en Nasionale onderwysbeginsels uitleef in hulle opvoedende onderwys.

- \* Daar is 'n algemene tendens dat ouers nie verantwoordelikheid wil aanvaar nie. Dit is vir hulle geriefliker om onbetrokke te wees.

### 5.3 ENKELE AANBEVELINGS

#### 5.3.1 Aanbevelings met betrekking tot groter oerbetrokkenheid by opvoedende onderwys


In paragraaf 4.6.5 is die regverdiging van nog 'n ouervereniging - die Afrikaanse Ouervereniging - onder die loep geneem. Met verwysing na bestaande statutêre liggame, (skoolkomitees, beheerrade en skoolrade) is die mate van medeseggenskap wat dit aan die ouer in die praktyk bied, bespreek.

Daar word aanbeveel dat die ouer-onderwyservereniging se taak en pligte deur die skoolkomitee oorgeneem word. Indien 'n skoolkomitee homself organiseer in byvoorbeeld subkomitees, kan die ouer-onderwyservereniging een van die subkomitees wees. Die skoolkomitee hoef nie net 'n raadgewende komitee met 'n sekere status te wees nie. Die skoolkomitee kan ook skakel met die ouerverteenwoordiger.

Ouerseggenskap in Kaapland behoort tot sy reg te kom indien die skoolkomitee, wat beperk is tot 'n bepaalde skool, affilieer by die Afrikaanse Ouervereniging. Die Afrikaanse Ouervereniging sal dan ouerseggenskap op plaaslike vlak moet koördineer om sodoende oorvleueling van funksies en pligte te voorkom.

Die aanbevole stelsel van ouerseggenskap kan voorgestel word soos in organigram 5.1.

Organigram 5.1 Voorgestelde organisasiestruktuur vir die Afrikaanse Ouervereniging



Skoolkomitees behou hulle bestaande pligte en verrig ook die funksies van die ouer-onderwysersvereniging.

Statutêre liggame soos skoolkomitees skep ongelukkig nie altyd die intieme atmosfeer om die individuele ouer die geleentheid te gee om 'n bydrae te lewer tot die opvoedende

onderwys van sy kind in die skool nie. Daar word aanbeveel dat hoofde van skole meer moet doen om belangstelling by die ouers in sodanige liggame (die skoolkomitee, ouer-onderwyservereniging en Afrikaanse Ouervereniging) te bewerkstellig. Sodoende kan ouers tot optimale betrokkenheid by die opvoedende onderwys aangemoedig word (Hattingh, 1978 : 78-79). Mag in ons onderwystelsel nooit gesê word: "Parent participation is as good or as poor as a district, administrator, or teacher wants it to be" (Ainsworth, 1977 : 6).

In paragraaf 4.6.4 word gepleit dat die Afrikaanse Ouervereniging kundige persone moet vra (en selfs vergoed) om studiestukke en inligting oor aktuele sake betreffende opvoeding en onderwys op skrif te stel en aan plaaslike takke van die Afrikaanse Ouervereniging vir gebruik beskikbaar te stel. Dit kan gemeld word dat daar by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 'n 'Sentrum vir ouerbetrokkenheid by opvoeding en onderwys' (S000) bestaan. Dit is 'n kundigheidsentrum wat deur navorsing en gemeenskapsdiens sinvolle ouerbetrokkenheid wil verhoog. Daar word ook jaarliks deur die sentrum by die PU vir CHO ouertoerustingskursusse aangebied (Franzsen, 1984 : 75). Plaaslike takke van die Afrikaanse Ouervereniging kan van die studiestukke van die sentrum gebruik maak om die vereniging sinvol te laat funksioneer.

### 5.3.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

Vollediger en indringender navorsing behoort oor die volgende vraagstukke, wat uit hierdie navorsing gespruit het, onderneem te word;

- \* Die praktykmaking van ouerbetrokkenheid verdien om in diepte nagevors te word (vgl. par. 5.3).
- \* Navorsing oor ouerseggenskap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in elkeen van die ander provinsies (OVS, Natal en Transvaal) moet gedoen

word ten einde 'n beeld te kry van die ouer se seggenskap in elkeen van die provinsies. Sodoende kan ouerseggenskap in die Republiek van Suid-Afrika in perspektief gesien word.

- \* 'n Breedvoerige ondersoek kan geloods word om vas te stel in watter mate die stelsel van skoolkomitees, skoolrade, onderwysrade, ouer-onderwysersverenigings en die Afrikaanse Ouervereniging gekonsolideer kan word sodat ouerseggenskap en -betrokkenheid tot sy reg kan kom (vgl. par. 5.3).

#### 5.4 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is die doelstellings wat in hoofstuk een (par. 1.4) gestel is, geëvalueer. Die bevinding wat met die ondersoek na vore gekom het, is vervolgens gestel en enkele aanbevelings is aan die hand gedoen om sodoende die bevindinge prakties toepaslik te maak. Die hoofstuk is afgesluit met enkele aanbevelings met betrekking tot groter ouerinspraak in die opvoedende onderwys van sy kind en die omlýning van moontlike navorsingsterreine wat in die loop van die navorsing na vore getree het.